KIXPIRASIE KWARTAAL 4 2020

Sout en lig

Let wel: Hierdie byeenkoms met leiers kan ook aanlyn gedoen word.

Bring vir elke leier 'n klein pakkie sout en 'n teeliggie/ kersie saam of reël dat hulle tuis sout en 'n kersie gereed het.

Lees saam Matteus 5: 13-16.

Baie dankie dat jy hierdie jaar as leier sout en lig was in kinders en in ander mense se lewens.

Sout gee smaak, preserveer en maak wonde skoon. Dankie dat jy met jou unieke persoonlikheid jou gesin / die KIX-groep bedien het, aanlyn bymekaar gehou het en kinders se "wonde" help genees het.

Lig help ons sien en vlamme bring warmte. Dankie dat jy jou eie gesin / kinders / mense in die gemeenskap gehelp het om Jesus raak te sien en hulle met warmte ontvang het.

Deel die volgende met mekaar:

- Wat was jou uitdagings / verliese in 2020?
- Wat het 2020 vir jou geskenk gegee?
- Waar het jy God se lig raakgesien? (lig)
- Hoe het jy gegroei /genees hierdie jaar? (sout)

Sluit af deur vir die Here dankie te sê en te bid vir mekaar.